

**Donderdag 3 November**

**Skrifgedeelte: Esegïel 10:1-22**

**Fokusgedeelte: Esegïel 10:18, 19**

**Die gerubs bewaak die eer en heerlikheid van God**

Die gerubs het 'n heerlike taak om te vervul. Die Bybel teken hulle as magtig, en met hulle mag moet hulle die heiligheid van die Here verdedig.

Voor die sondeval het God met Adam saamgewoon, maar toe die gemeenskap met God deur die sonde verbreek is, het Hy tussen sy volk gewoon in die allerheiligste van die tabernakel en tempel. Eenmaal 'n jaar het die hoëpriester, nadat hy homself onsondig het, die offerbloed op die versoendeksel gesprinkel. Die gerubs het met hulle groot, uitgestrekte vlerke bo-oor die versoendeksel die heiligheid van die Here beskerm, omdat die priester steeds as sondige mens voor die heilige God moes nader.

In Esegïel 10 kry ons ook die gerubs in die tempel. Hierdie keer is dit nie 'n ritueel van versoening nie, maar 'n daad van vernietiging. Ons sien hier hoedat die heerlikheid van God bokant die gerubs verskyn, en dan vlieg hulle daarmee weg. Waarom? Die Here het sy heerlike teenwoordigheid uit die tempel onttrek. Noudat die volk op allerlei wyses hulle rug op God gedraai het, wil God ook nie meer daar wees nie. Hy sal hulle alleen laat in hulle verskriklike oordeel.

Ons kan ook maklik redeneer dat God maar altyd daar sal wees. Die mens kan maar doen wat hy wil, God sal hulle nie verlaat nie. Hier kry ons egter 'n ander beeld. God is in sy liefde teenwoordig waar Hy wil wees.

Met die teenwoordigheid van God mag die mens egter nie speel nie. As die mens sy liefdesverhouding met God minag en verbreek, gaan die Here nie toekyk dat sy liefde vertrap word nie. Hy gaan hulle in sy ellende agterlaat! En dit is wat ons hier in Esegïel 10 sien gebeur. God se engele tree steeds op om God se heerlikheid en eer te bewaak, al verhinder hulle die mens om dit verder te vertrap. God kom staan ook soms in ons pad om ons te verhinder om op die verkeerde pad te volhard.

*Sing: Psalm 91-1:1, 2, 6*

*Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)*